# EASTERN CAPE REGION

15 – 17 March 2024

KEURBOOMS MISTERY TOUR - RALLY REPORT – 8 Motorhomes Attended

MOTORHOME CLUB OF SOUTH AFRICA

## KEURBOOMS MISTERY TOUR

6 Motorhomes het Donderdag oggend uit Port Elizabeth vertrek. Ons het eerste by die Windfarm bymekaar gekom. Daarna is ons na Mentors Kraal naby Jeffreys Baai waar die laaste motorhomes by die groep aangesluit het. Ons het rustig verder gery na Stormsrivier Village. Lekker koffie hier te drinke gekry en paar spesiale fotos geneem.





Hier sit ons in Marilyn Monroe se restaurant en wag vir ons drink- en eetgoed




Glenise en Johnny verlang terug na die goeie ou dae van Twist en Rock 'n Roll saam Elvis

Ons het ongeveer 17:30 by Keursbooms gearriveer. Daar is toeters geblaas toe ons by die Lagoon aankom, en die Garden Route lede het ons 'n gulde ontvangs gegee. 'n Paar verbaasde gesigte het ons dadelik gehelp met gerieflike staanplekke vir ons motorhomes.

Donderdag was ons verwelkom deur Jackie Theron en ons het lekker saam gekuier.









Vreugde vure brand hoog. Die toergroep op die foto hieronder.



# Sunset Cruise

Hier is 'n paar van ons op die ferrie vir 'n sunset Cruise op die rivier. Die kaptein het ons 'n baie insiggewende lesing gegee oor die geskiedenis van die rivier en die plante en bome in die omgewing. Well done Uli Glatz vir die reelings hiervan.






# Arch Rock

**'n Paar manne het die gety en stappie na Arch Rock aangepak.**





## Die dors word geles na die stap na die rots



Vrydag aand was ons offisieel verwelkom deur Lampies, Garden Route se Voorsitter. Louis het almal bedank vir hulle ontvangs en gasvryheid en 'n "Raid Rally" aan Lampies en Jackie oorhandig. Hulle is uitgenooi om by Eastern Cape te kom kuier.

Vrydag aand was 'n Build a Burger en Saterdag aand weer gebraai.

## SONDAG KERKDIENS EN OGGEND TEE



Lampies, Tuin Roete voorsitter toespraak en bedankings na die kerkdiens en gedurende Sondag oggend tee

Louis Wolsink wil aan almal wat hom ondersteun het met die Mistery Tour bedank. Hy het dit baie geniet en vertrou almal het.